Fokus teks: Johannes 13: 34-35, 1983.
Liedere: VONKK 277: 1-3; Psalm 100: 1-4; VONKK 57 x 2; Gesang 526 x 3; VONKK 38: 1-3.

AANKONDIGINGS:

- Donderdag 22 Oktober, vier oom Hannes Venter sy verjaarsdag en hy word ’n besondere 89 jaar oud! Op dieselfde dag verjaar Annelize Viljoen. Vrydag 23 Oktober, vier oom Ben Brits (hy word ook ‘n besondere 89j oud!), Ina Vos, Evelyn Greeff en Anel Carstens hulle verjaarsdae. Ons wens julle almal van harte geluk met julle verjaarsdae en bid dat die Here julle nuwe lewensjaar sal vul met sy liefde, genade, goeie gesondheid en oorvloedige seën. Mag julle elke dag bewus wees van die Here se nabyheid en trou.
- Op Vrydag 30 Oktober 2026 vind ons gemeente se LEKKER-EET-projek plaas! Ons nooi elke lidmaat om betrokke te raak deur voorbidding, kontantbydraes en ander skenkings, deur aan te bied om te kom help werk, of deur ons verkope te ondersteun. Elke gebed, bydrae en helpende hand maak ’n verskil. Kom ons staan saam, werk saam en maak van die LEKKER-EET ’n groot sukses! Ons het jou nodig!

Fokus teks: Johannes 13: 34-35, 1983.
Liedere: VONKK 277: 1-3; Psalm 100: 1-4; VONKK 57 x 2; Gesang 526 x 3; VONKK 38: 1-3.

LIEF & LEED:

- Tannie Marlene Huyzers is in Glen Rus se versorgingseenheid opgeneem nadat sy geval het. Op die oomblik kan sy nie geloop kry nie. Is daar iemand wat haar kan gaan besoek en bietjie kuier.

KLOK:

Die kerkklok beier raak stil as simboliese uitnodiging om stil te word en ons aandag op God te rig. Die klok herinner ons daaraan dat ons nie bloot na ’n byeenkoms toe kom nie, maar dat ons as gemeente saamgeroep word om God te ontmoet, na sy Woord te luister en ons geloof saam te vier.

TOETREDE: VONKK 277: 1-3 ~ U is die Lig wat deur die donker skyn.

VOTUM:

Die hemel getuig van die mag van God, en die uitspansel maak die werk van sy hande bekend. Dag ná dag en nag ná nag word sy grootheid verkondig. Hy is die Almagtige

God. Hy is die Skepper van hemel en aarde, die Een wat ons roep, bymekaarbring en in Christus deel maak van sy huisgesin.
Ons hulp is in die Naam van die Here, wat hemel en aarde gemaak het. Amen.

SEËN:

Aan al die heiliges wat aan God behoort. En aan al die gelowiges wat getrou is aan Christus. Genade en vrede word aan julle almal geskenk deur God ons hemelse Vader. Amen.

LOFSANG: Psalm 100: 1-4 ~ Prys die Heer met blye galme.

GELOOFSBELYDENIS: God is die hoof van die kerk.

Ons glo in God, die Vader, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde. Hy is die God wat ons liefhet, wat ons roep en wat ons deur sy genade vashou. Ons glo dat ons lewe en ons verlossing nie uit onsself kom nie, maar uit God se liefde en trou.

Fokus teks: Johannes 13: 34-35, 1983.
Liedere: VONKK 277: 1-3; Psalm 100: 1-4; VONKK 57 x 2; Gesang 526 x 3; VONKK 38: 1-3.

Ons glo in Jesus Christus, die Seun van God, ons Here en Verlosser. Deur sy lewe, sy kruis en sy opstanding het Hy die mag van sonde en dood gebreek. In Hom vind ons vergifnis, nuwe lewe en die hoop op ’n toekoms by God. Ons bely saam met Paulus dat ons ons nie vir die evangelie skaam nie, want dit is die krag van God tot verlossing vir elkeen wat glo.

Ons glo dat ons nie deur ons eie verdienste, goeie werke of godsdienstige prestasies gered word nie, maar alleen deur God se genade, deur geloof in Jesus Christus. Hierdie geloof is nie ons eie prestasie nie, maar ’n gawe wat ons met dankbaarheid ontvang. God verklaar ons regverdig en herstel ons verhouding met Hom.

Ons herdenk die herontdekking van die evangelie en die getuienis van die Hervormers. Ons bely dat die Heilige Skrif ons riglyn is, dat Christus alleen ons Verlosser is, dat genade alleen ons redding is, dat geloof alleen ons aan Christus verbind en dat al die eer aan God alleen behoort.

Ons glo dat hierdie evangelie nie net woorde vir ’n Sondag is nie, maar die waarheid waaruit ons elke dag

leef. Daarom wil ons met geloof en moed getuig, met liefde dien en hoop bring waar mense moed verloor het.

Amen.

WIL VAN GOD: VONKK 57 x 2 ~ Ek gee aan julle ‘n nuwe gebod.

PREEK:

VONKK 57 is ’n kort, kontemporêre (m.a.w. ‘n eietydse) kerklied oor die liefde wat ‘n kenmerk van Jesus Christus se volgelinge moet wees. Die lied herinner ons daaraan dat Christenskap nie bloot gaan oor wat ons glo, bely, preek of in die kerk sing nie, maar ook oor hoe ons mekaar behandel. Ons is immers die huisgesin van God.

> *Ek gee aan julle ’n nuwe gebod om soos Ek julle liefhet, mekaar lief te hê. Want so sien alle mense wie is my dissipels: deur liefde wat julle vir mekaar het.*

Hierdie besonderse lied help ons om te verstaan hoe ons met mekaar moet saamleef, ons moet in liefde met

mekaar saamleef en dan nie die wêreldse soort van liefde nie, maar God se manier van liefde. Kom ons fokus vir ‘n oomblik hierop deur te Bybelteks wat hierdie lied geïnspireer het met mekaar saam te lees, Johannes 13: 34-35:

> *34Ek gee julle 'n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhê. Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê. 35As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is.*

Om te verstaan waar hierdie woorde van Jesus vandaan kom, gaan ons terug na die aand voor sy kruisiging. Hy is saam met sy dissipels aan tafel. Die atmosfeer is anders as voorheen, want Jesus weet wat voorlê. Judas is op die punt om Hom te verraai. Petrus gaan Hom binnekort verloën. Die ander dissipels gaan Hom verlaat wanneer die gevaar vir hulle persoonlik te groot word.

Juis in hierdie gespanne oomblikke, kort nadat Jesus die voete van sy dissipels gewas het, sê Hy vir hulle: “Ek gee julle ’n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhê. Soos Ek

julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê. As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is."

Om hierdie woorde te verstaan, moet ons onthou hoe belangrik eer, status en groepsgebondenheid in die wêreld van Jesus se tyd was. Mense se plek in die samelewing (hulle identiteit) is bepaal deur hulle familie, afkoms en sosiale posisie. Om eer te ontvang, was belangrik, en om iemand se voete te was, was nie hoe jy dit gedoen het nie, dit was immers die werk van 'n dienskneg (slaaf).

Tog staan Jesus op, bind 'n doek om Hom en was die voete van sy dissipels. Die Een wat Here en Leermeester genoem word, neem die plek van 'n dienskneg in. Dit is die agtergrond waarteen Hy sy nuwe gebod gee. Jesus wys dat die gemeenskap wat Hy bymekaarbring, volgens 'n ander maatstaf moet leef. Nie status nie, nie mag nie, nie eiebelang nie, maar liefde vir mekaar.

Fokus teks: Johannes 13: 34-35, 1983.
Liedere: VONKK 277: 1-3; Psalm 100: 1-4; VONKK 57 x 2; Gesang 526 x 3; VONKK 38: 1-3.

Waarom noem Jesus dit ’n nuwe gebod? Die opdrag om jou naaste lief te hê, was immers reeds in die Ou Testament bekend. In Levitikus 19:18 lees ons dat ’n mens jou naaste moet liefhê soos jouself. Die nuutheid van Jesus se gebod lê veral in die maatstaf wat Hy gee: “Soos Ek julle liefhet.”

Jesus vra nie bloot dat ons vriendelik met mekaar moet wees of mekaar moet verdra wanneer dit ons pas nie. Hy wys na sy eie lewe as voorbeeld. Sy liefde is ’n liefde wat dien, wat ander se nood raaksien en wat bereid is om iets van homself te gee. Dit is liefde wat nie eers vra of die ander persoon dit verdien nie.

Jesus het immers hierdie woorde gerig aan dissipels wat Hom binnekort sou verraai, verloën en teleurstel. Hy het geweet van hulle swakheid, hulle vrees en hulle tekortkominge. Tog hou Hy nie sy liefde terug nie.

Daarom gaan hierdie gebod oor meer as persoonlike vriendelikheid. Jesus is besig om ’n nuwe

geloofsgemeenskap te vorm. Die dissipels verskil van mekaar. Hulle het verskillende persoonlikhede en verwagtings, en hulle het selfs onder mekaar gestry oor wie die belangrikste is.

Jesus roep hulle om anders saam te leef. Hulle hoef nie dieselfde te dink of nooit van mekaar te verskil nie. Hulle moet egter leer om mekaar lief te hê soos Hy hulle liefhet. Hulle liefde vir mekaar moet die teken wees dat hulle aan Hom behoort. Jesus sê immers: “As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is.”

Dit is ’n merkwaardige uitspraak. Jesus sê nie dat mense sy dissipels sal herken aan die grootte van hulle byeenkomste, die indrukwekkendheid van hulle geboue of die hoeveelheid kennis waaroor hulle beskik nie of hoeveel geld hulle bymekaar kon maak nie. Hy sê dat hulle herken sal word aan hulle liefde.

Die manier waarop gelowiges met mekaar omgaan, word deel van hulle getuienis oor God. Die manier waarop

gelowiges met mekaar werk sê wat hulle van God glo. Die wêreld hoor nie net wat die kerk oor Christus sê nie; die wêreld kyk ook hoe die kerk leef.

En dit bring ons by die vraag wat hierdie teks vandag aan ons stel: Waaraan sal mense ons herken? Waaraan sal mense ons gemeente herken? Waaraan sal mense ons Kerk herken?

Ons leef in ’n tyd waarin mense maklik van mekaar vervreem raak. Daar is verdeeldheid, wantroue en konflik in ons huisgesinne. Daar is verdeeldheid, wantroue en konflik in ons gemeenskappe. Ongelukkig kan dieselfde dinge ook in die kerk gebeur. Ons kan baie oor liefde praat, daaroor sing en daaroor preek, maar intussen sukkel om mense lief te hê wat anders as ons dink, lyk of selfs doen. Ons kan so besig raak met ons programme, vergaderings en planne dat ons vergeet om die mens voor ons raak te sien. Ons kan so besig raak met die dinge van God, dat ons die God van die dinge vergeet.

Fokus teks: Johannes 13: 34-35, 1983.
Liedere: VONKK 277: 1-3; Psalm 100: 1-4; VONKK 57 x 2; Gesang 526 x 3; VONKK 38: 1-3.

Hoe lyk die kerk wanneer daar nie liefde is nie? Dié kerk kan eredienste hou en baie dinge doen, maar mense sal steeds onwelkom voel. In so ‘n gemeente sal daar verskille persoonlike aanvalle wees, skinderpraatjies sal die alledaagse kommunikasie wees. In so ‘n gemeente sonder God se liefde sal mense tussen ander gelowiges sit en steeds eensaam voel. Die kerk kan haar getuienis verloor wanneer haar woorde oor God se liefde nie met haar optrede ooreenstem nie.

Maar hoe lyk die kerk wanneer Christus se liefde sigbaar word? Dit is ’n gemeente waar ons na mekaar luister, waar ons bereid is om vergifnis te vra en te gee, waar ons mense in nood prakties help en waar ons nuwe mense verwelkom. Dit is ’n gemeente waar ons kan verskil sonder om mekaar se waardigheid af te breek. Dit is ’n gemeente waar ons nie net vra wat iemand vir die kerk kan doen nie, maar ook wat ons vir daardie persoon kan beteken. Hierdie liefde bly nie binne die kerkgebou nie. Dit word sigbaar by ons huise, ons werkplekke, ons skole en in ons gemeenskap.

Ons sal dit nie altyd regkry nie. Ons bly mense wat foute maak en mekaar soms seermaak. Daarom is Jesus se woorde nie bloot ’n opdrag om harder te probeer nie. Dit is ook ’n herinnering aan die liefde wat ons eerste van Hom ontvang het. Ons het mekaar nie lief omdat ons volmaak is nie, maar omdat Christus ons liefhet en ons leer om sy liefde met ander te deel.

Gemeente, ons noem die kerk die huisgesin van God. Maar wat maak ’n huisgesin onmisbaar? Nie bloot dat mense onder dieselfde dak woon nie, maar dat daar liefde, omgee en verbondenheid tussen hulle is. Jesus roep ons om so ’n huisgesin te wees. Daarom is die belangrike vraag nie net hoeveel mense ons eredienste bywoon of hoeveel werk ons as gemeenskap doen nie. Die vraag is ook: As iemand met ons gemeente in aanraking kom, sal daardie persoon iets van Jesus se liefde beleef?

KERK & WÊRELD
Die huisgesin van God

Fokus teks: Johannes 13: 34-35, 1983.
Liedere: VONKK 277: 1-3; Psalm 100: 1-4; VONKK 57 x 2; Gesang 526 x 3; VONKK 38: 1-3.

Jesus se opdrag bly vandag dieselfde: “Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê.” Mag dit die kenmerk van ons gemeente wees. Mag mense nie net hoor dat ons in Christus glo nie, maar dit ook sien in die manier waarop ons mekaar behandel. Want wanneer ons mekaar liefhet, word iets van die liefde van God sigbaar. En dan begin die huisgesin van God werklik lyk soos die huisgesin wat Christus ons geroep het om te wees.

Die huisgesin van God het mekaar lief soos wat Jesus Christus ons eerste liefgehad het.
Amen.

Fokus teks: Johannes 13: 34-35, 1983.
Liedere: VONKK 277: 1-3; Psalm 100: 1-4; VONKK 57 x 2; Gesang 526 x 3; VONKK 38: 1-3.

SLOTSANG: Gesang 526 x 3 ~ Waar daar liefde is.

GEBED:

SEËN:

God bly met ons, waar ons ook mag gaan. Deur sy sterke hand behoed Hy, daagliks met sy manna voed Hy. God bly met ons, waar ons ook mag gaan.

Amen.

WEGSENDING: Vonkk 38: 1-3